HARTBEESHOEK

27/10/2017

"Hoekom wag tot Woensdag of Vrydag? Kom ons gaan kamp al Maandag!"…… Dit is wat van Rietvallei se seniors toe gedoen het. Ons is almal baie vriendelik ontvang en gou gehelp om reg te staan deur die oordbestuur. Daar is rustig opgeslaan en toe het die kuier in alle erns begin. Daar is heerlik gestap, vroeg in die oggend, 'n vinniger stap vir die wat oefening wou hê en ook 'n stadige gesels-stap vir die wat net die natuur wou geniet of nie kon byhou by Oom Jakes nie.

So is daar ook Woensdag die 25ste Okt groot gekuier in die saal om ons Oudste se 86ste verjaarsdag te vier. Oom Neels, mag jy vir nog vele jare vir Tannie Rina en ons 'n voorbeeld bly.

Baie geluk Oom Neels.

Die hitte het sommiges na die swembad gedryf, maar die keer was die weervoorspeling korrek en dit het toe wel laat Vrydagmiddag begin koud raak.

So daag die res van die streek op en Vrydagaand was daar saam boekevat gehou, deur ons oudste hanteer, gebraai, geëet, gekuier, gebrei, weer geëet tot almal saans moeg en koud gaan slaap het. Die tafel het gekreun met die brode en konfyte wat voorgesit was.

Heelwat blikkieskos is ook ingehandig vir oorhandiging aan Horison Sorgsentrum.

Baie dankie ook hiervoor.

Aangesien Saterdag gemerk was as ‘n Senior Saterdag, is daar begin met Boekevat deur Oom Jakes, daarna is daar ‘n vasvra kompetiesie gehou met ‘n paar pryse en toe is heerlik gesmul aan koeke en terte ter viering van ons twee 80 jariges se verjaarsdag, Tannie Alida Venter en Oom Jakes Erasmus. Baie geluk julle (regs, middelste twee).

Die agtermiddag en aand is daar onder mekaar gekuier en rustig gewees, met die koue wat nou maar net nie wou breek nie.

Sondagoggend het Frans vir ons ‘n goeie boodskap gebring waarna die vure aangesteek is vir ‘n gesamentlike wors of watookal ontbyt-braai.

Daar was 21 lede en 1 gas teenwoordig die naweek.

Margriet oorhandig die naweek se kampkommandante plaatjie aan Tjaart en Marietjie Klaasen asook Sieg en Annatjie Maritz (regs).

Gaste vir die naweek, Gerrie en Jennie Bosch, word deur Frans verwelkom (links).

Aansporingsplaatjies is ook uitgedeel aan Fanie & Elzette Jacobs (25 Algemeen) en Henk & Glenn Kahts (50 Streek):

Nodeloos om te sê, so is daar maar traag opgepak en het almal teen 14:00 die oord verlaat, wat ‘n heerlike naweek!

Dankie aan almal vir ‘n lekker vooraf week en naweek.

Ons maak weer so!

Tjaart en Marietjie Klaasen